



Bestuur ramme vir meer lammers



Dr Frans Jooste

Ramme verteenwoordig 'n groot kapitale uitleg in elke kudde. Die optimale benutting van ramme beteken dus ook die grootste opbrengs op daardie kapitale uitleg, skryf dr Frans Jooste, veearts en skaapboer. Hier gee hy raad vir die bestuur van ramme.

Met goeie rambestuur kan elke ram die maksimum aantal lammers moontlik verwek, wat beteken dat goeie rambestuur die faktor is wat die meeste tot die winsgewendheid van die boerdery bydra. Daarom is goeie rambestuur noodsaaklik vir winsgewende skaapboerdery.

Dit maak ekonomiese sin om ramme voor die teelseisoen te ondersoek om te bepaal of hulle geskik is om 'n normale aantal ooie gedurende die teelseisoen dragtig te maak. Niemand kan met sekerheid die vrugbaarheid van ramme voorspel nie, maar die risiko van onvrugbare ramme kan beperk word deur middel van 'n teelgeskiktheidsondersoek.

Teelgeskiktheid

Daar is 'n verskil tussen vrugbaarheid en teelgeskiktheid. Vrugbaarheid verwys na die ram se absolute geskiktheid om die maksimum aantal lammers in die volgende teelseisoen te verwek, wat onmoontlik is om te voorspel. Teelgeskiktheid verwys na die teelpotensiaal van 'n ram. Deur 'n teelgeskiktheidsondersoek uit te voer en minimum standaarde daar te stel, kan die boer 'n besluit neem oor die teelpotensiaal van die dier en só die risiko van onvrugbaarheid of sub-vrugbaarheid verminder.

Alle ramme wat verseker of verkoop word, behoort 'n teelgeskiktheidsondersoek te ondergaan. Omdat spermselontwikkeling, of die produksiesiklus van sperme, sowat 60 dae neem om te voltooi, is dit raadsaam om die teelgeskiktheidsondersoek minstens ses tot agt weke voor die teelseisoen te doen. Dit laat tyd toe om tydelike probleme op te los of vervagingsramme aan te koop indien nodig.

'n Teelgeskiktheidsondersoek behels die volgende:

- 'n Evaluering van die algemene gesondheid van die ram
- 'n Liggaamskondisietelling
- 'n Onderzoek van die geslagstelsel deur 'n ervare veearts

Die ondersoek van die veearts behels die visuele ondersoek van die penis, skede en skrotum, palpasië van die skrotuminhoud om die testikeltonus en -letsels te evalueer, die meting van die skrotumomtrek en die ondersoek van 'n semenmonster.

Ramme word ná afloop van die toetse geklassifiseer as teelgeskik, tydelik ongeskik of nie teelgeskik nie. Dekbeheidigheids-toetse word nie as roetine gedoen nie.

Skrotumomtrek

Die skrotumomtrek word algemeen gebruik omdat dit korreleer met testikulêre volume en spermselproduksie. Skrotumomtrek van ramme behoort meer as 32 cm te wees, maar 'n mens moet versigtig wees om nie die skrotumomtrek op sy eie te evalueer nie. Met die interpretasie van skrotuminhoud behoort alle faktore wat dit kan beïnvloed, in ag geneem te word, soos ouderdom, ras, seisoen, testikeltonus, voedingstatus, reproduksiegeskiedenis en abnormaliteite.

Testikeltonus

In diere wat teelgeskik is, behoort die testikeltonus ferm en elasties te wees. Sagter of pap testes kan die gevolg wees van die seisoen, ouderdom, beserings of siektes.



Puik genetica teel uitmuntende diere.

Ondervoeding en hittestres kan ook sagte testes tot gevolg hê.

Ramme met pap testes produseer swak semen. Harder as normale testes kan onder meer die gevolg wees van ouderdom of ou beserings.

Testikkelletsels

Abnormaliteite aan die byballe van ramme is redelik algemeen en is gewoonlik die gevolg van bakteriële infeksies. Baie jong ramme word aangetas deur 'n groep organismes bekend as HPA. Dit gebeur veral met ramme op 'n hoëkonsentraatvoeding. Hierdie besmetting kan tydens die mikroskopiese ondersoek van 'n semensmeer waargeneem word as etterselle in die semen. Hoewel die oorgrote meerderheid van jong ramme genees kan word of self van die infeksie ontslae kan raak, ontwikkel 'n klein persentasie permanente letsels in die byballe.

Brucella ovis-infeksie veroorsaak ook soortgelyk letsels as HPA-besmetting in die byballe van skape. Dit is baie belangrik om *B.ovis*-infeksie van HPA-besmetting te onderskei.

Ramme wat met *B.ovis* besmet is, kan nie genees word nie en moet geslag word. Letsels wat deur *B.ovis* veroorsaak word, word gewoonlik in ouer ramme gesien. Jonger ramme wat wel besmet is, maar nog nie letsels vertoon nie of subkliniese draers is, is 'n belangrike bron van besmetting in 'n kudde.

B.ovis-besmetting word bevestig deur middel van 'n serologiese toets van 'n bloedmonster wat van 'n ram getrek word. In kuddes waar die infeksie voorkom, kan dit die lampersentasie met sowat 20 tot 30% laat daal. In kuddes wat vir die eerste keer besmet word, is die daling in lampersentasie veel hoër. Boere moet seker maak dat geen ramme op die plaas met *B.ovis* besmet is nie omdat dit groot ekonomiese verliese tot gevolg kan hê.

Daar is 'n entstof teen *B.ovis* beskikbaar en alle ramlammers behoort op die ouderdom van vier tot ses maande teen die siekte ingeënt te word.

Letsels aan die penis

Dit is belangrik dat die penis tydens die teelgeschiktheidsondersoek goed ondersoek word. Beserings aan die penis is algemeen. Dit is ook belangrik om letsels wat deur peestersiekte veroorsaak is, vroegtydig te identifiseer.

Semenevaluering

Semenmonsters kan deur middel van 'n kunsvagina of 'n elektro-ejakulator gekollekteer word. 'n Elektro-ejakulator word gewoonlik gebruik vir roetine ondersoeke, waar ramme nie geleer is om in 'n kunsvagina te werk nie.

Toetse wat tydens 'n volledig semenevaluering gedoen word, sluit in die makroskopiese voorkoms van die semen en 'n mikroskopiese evaluering. Tydens 'n mikroskopiese ondersoek moet individuele spermselbeweging, spermselmorfologie en die teenwoordigheid van vreemde selle in die monster ondersoek word. Ramme met aanvanklike swak morfologie kan eers ná ses tot agt weke weer herondersoek word.

Rambestuur

Noukeurige bestuur is noodsaaklik om die reproduksie van enige kudde te verseker. Ramme word dikwels buite die dekseisoen afgeskeep. Daar behoort egter deurlopend aan ramvoeding, parasietbeheer en algemene siektebeheer aandag gegee te word.

Ramme moet fiks wees met 'n goeie geslagsdrang en moet lewendig en wakker wees. Dit is goed as ramme vroeg oggend en laat middag vir 'n halfuur of wat kan stap. Let egter op vir dominasie onder ramme. Dominante ramme kan ander ramme van die ooie af weg hou.

Inentingsprogram, ontworming, voeding en skeer

Aangesien 'n spermsel sowat 60 dae neem om volwasse te word, is dit wenslik dat alle inentings voor hierdie periode voltooi moet wees. Dit geld veral vir lewendige entstowwe (soos bloutongentstof en lewendige Slenkdalentstof) wat 'n oorreaksie tot gevolg kan hê.

As 'n ram 'n koorsreaksie teen 'n entstof ontwikkel, duur dit gewoonlik sowat twee maande voordat die ram se vrugbaarheid volledig herstel. Ramme behoort vóór die teelseisoen volledig ontworm te word. Daar kan verwag word dat ramme gedurende die teelseisoen kondisie verloor. Daarom behoort die kondisietelling van ramme met die aanvang van die teelseisoen nie minder as 3,5 uit 5 te wees nie.

Ramme moet nie te vet gevoer word nie omdat dit ook vrugbaarheid nadelig beïnvloed. Vitamien- en mineraaltekorte behoort voor die teelseisoen aandag te kry.

Dit is raadsaam om ramme voor die teelseisoen te skeer sodat hulle die seisoen met kort wol kan binnegaan. Dit vergemaklik dekking en ramme met kort wol is meer aktief, veral wanneer dit warm is.

Verhouding van ramme tot ooie

'n Gesonde, ervare, vrugbare ram kan tot 100 ooie in 'n teelseisoen dek. Daar is egter 'n paar faktore wat 'n rol kan speel en kan bepaal hoeveel ooie 'n ram in die teelseisoen sal kan dek. Die ouderdom van die ram is belangrik. Ouer, ervare ramme dek meer ooie as die jonger onervare ramme.

Gebruik altyd ervare ramme om jong ootjies te dek wat die eerste keer gepaar word omdat hulle 'n korter hitteperiode het. Gebruik jonger ramme eerder op vol-



Photo by Charles Smith/Landbouweekblad/
Gallo Images

wasse ooie. Die seisoen en die topografie van die kamp waarin die ooie gedek word, is ook belangrik. Plat kampe in die vlaktes is meer geskik vir paring as kampe met baie rante en berge. Kleiner kampe help ook dat ooie nie oor 'n groot gebied versprei nie en verhoog dus die kontak tussen die ramme en ooie.

Meer ramme is nodig vir groot kampe en kampe met 'n ongelyke topografie waar diere oor groot areas versprei is.



In die somer, wanneer temperature hoog is, is skape op die warmste tyd van die dag minder aktief en is daar dus meer ramme nodig om ooie wat op hitte kom, te identifiseer en te dek.

Die hoeveelheid meerlinge kan verhoog word indien ooie herhaaldelik in dieselfde hitteperiode gedek word. Indien meer ramme, of ramme met 'n sterk geslagsdrang gebruik word, verhoog die kanse dat 'n ooi herhaaldelik gedek word en kan die persentasie meerlinge verhoog.

In die grootste dele van Suid-Afrika word ekstensief met skape geboer. In sulke omstandighede, waar kampe groot is en waar die topografie normaalweg nie eenvormig is nie, behoort minstens 2% ramme (in die geval van volwasse, ervare ramme) of 3% ramme (in die geval van jonger ramme) gebruik te word.

Telingsbestuur

Vir natuurlike paring word ramme gewoonlik vir twee tot drie hitesiklusse by die ooie gesit. As aanvaar word dat die hitesiklus van 'n ooi sowat 17 dae is, word ramme vir nagenoeg 35 tot 50 dae by ooie gelos. Die mikpunt is om minstens 80% van die ooie gedurende die eerste hitesik-

lus dragtig te kry. Hoe gouer ooie dragtig raak, hoe korter is die lamtydperk en hoe eenvormiger is die groep lammers wat gebore word.

Koggelramme is 'n nuttige bestuurs-hulpmiddel om ooie siklies te kry en te sorg dat ooie vroeg in die teelseisoen beset raak omdat koggelramme 'n sinchroniserende uitwerking op ooie het.

Wanneer die hitteperiode van ooie met hormone gesinchroniseer word, verhoog die rambehoefte drasties indien natuurlike dekking toegepas word.

Indien gesinchroniseerde ooie gedek moet word, word aanbeveel dat een vrugbare, dekbehandige ram per vyf tot 10 ooie gebruik word.

Die rambehoefte verminder met kunsmatige inseminasie. Met laparoskopiese inseminasie kan tot 200 ooie per dag met 'n enkele ram geïnsemineer word.

Dit is moontlik dat ramme mankhede kan ontwikkel, beserings of ander gesondheidsprobleme kan opdoen gedurende die teelseisoen.

Daar is dit belangrik dat ramme in die teelseisoen gereeld geïnspekteer word sodat probleme vroegtydig geïdentifiseer kan word en aangetaste ramme vervang kan word indien dit nodig sou wees. 

